Helpmekaar Kollege
NUUSBRIEF 18

26 September 2025

Teneal de Jong

Diandro Botha

Faan Burger
Deoné Mouton
Ruben Coetzee
Jacques Wolfaardt
Mignonne Theunissen
Christiaan Prinsloo

Xander Jackson
Stella Myburgh
Almay Erasmus
Juan Korsten
Keara Bouwer
Mia Boshoff

HOOFLEIERS 2026

Met trots stel ons die hoofleiers vir 2026 bekend – jongmense wat met visie, waardes en ’n ware KOMAAN-gees ons skool vorentoe gaan lei.

Hoofdogter: Teneal de Jong
Hoofseun: Diandro Botha

Onderhoofdogters:
- Akademie: Stella Myburgh
- Kultuur: Almay Erasmus
- Dissipline: Mia Boshoff

Onderhoofseuns:
- Sport: Christiaan Prinsloo
- Leerdersake: Faan Burger
- Dissipline: Juan Korsten

Huisleiers:
- Empire: Keara Bouwer & Ruben Coetzee
- Melle: Deoné Mouton & Xander Jackson
- Smuts: Mignonne Theunissen & Jacques Wolfaardt

TONEEL

Lindberg Lifetime Award vir juf. Linda van Niekerk

Met groot trots deel ons dat juf. Linda van Niekerk gisteraand by die landsfinaal van die Allegretto-toneelfees vereer is met die ***Lindberg Lifetime Award*** vir haar uitstaande bydrae tot toneel.

Hierdie toekenning is ’n huldeblyk aan haar jarelange passie, toewyding en kreatiewe visie waarmee sy generasies leerders geïnspireer het. Onder haar leiding het Helpmekaar se toneelgroepe nie net talle pryse gewen nie, maar ook ’n liefde vir die kuns van drama ontwikkel wat lewenslank sal voortleef.

Allegretto-landsfinaal – Helpmekaar skitter!

By die finale van die Allegretto-landsfinaal het ons toneelspanne weer eens bewys dat kreatiwiteit, talent en harde werk groot vrugte afwerp.

Vlerktog het drie groot toekennings ingepalm:

- Beste teks
- Beste stel
- Beste aktrise in ’n drama – Symone Venter

Hierdie prestasie bevestig die gehalte van ons jong dramaturge, tegniese span en akteurs.

Daarbenewens is die finaliste van die Monofees ook aangekondig – en ons eie **Blyde Schoeman** het met die produksie *Heel* die oorwinning behaal!

REDENAARS

Helpmekaar Kollege het weer eens uitmuntend gevaar in die jaarlikse ATKV-Digi-Spanpraatkompetisie, waar ons redenaars hul vaardighede met trots en passie uitgeleef het. Die skool het in elke graadgroep ten minste een podiumplek behaal — ’n merkwaardige prestasie wat die gees van samewerking bevestig.

Ons graad 8-, graad 9-, graad 10- en graad 12-spanne het elk ’n derde plek verower, terwyl ons **graad 10-span en een van ons graad 11-spanne met die louere weggestap het**. Hierdie uitslae getuig van die harde werk, toewyding en die krag van spanwerk wat die kern vorm van ons skool se kultuur.

Weereens is dit duidelik: die Helpieketting werk en ons redenaars het dit bewys.

Graad 8: *Kry ’n gereedskapkis*
A+ Derde plek

Bismarck Rall

Logan de Kooker

Anzaret Strauss

Mari-Lize Jacobs

Graad 9: *Ons mengelmoestaal dra by tot Afrikaans se voortbestaan*

A++ Derde plek

Mila Kapp

Taylin de Jong

Lunay Mooi

Tayana Nel

Graad 10: *Afrikaanse tieners is nie bang vir ’n toekoms in ons land nie*

A+++ Eerste plek

Tertius Van der Walt

Stephan Potgieter

Ilke Otto

Marli Hörn

Graad 10: *Afrikaans sal bly*

A++ Derde plek

Charlie Baard

Lienke Olivier

Adam Korb

Sebastian Welman

Graad 11: *Jou skoolbankie stap die pad ewig saam met jou*

A++ Eerste plek

Ruewan Henning

Juwan Wessels

Mia Moore

Teneal de Jong

Graad 12: *'n Instagram-duimpie is nie 'n vriend nie*

A+ Derde plek

Thea Kotze

Carmen Toms

Chanté Thomas

Evan Slabbert

As jy kan praat, kan jy beïnvloed. As jy kan beïnvloed, kan jy lewens verander.

ATLETIEK

Helpmekaar Kollege het op **Curro se jaarlikse Podiumdag** ’n merkwaardige prestasie behaal en algeheel derde geëindig uit 65 deelnemende skole. Met meer as 2500 atlete wat aan die dag deelgeneem het, het Helpmekaar se seuns en dogters hul staal gewys — die seunspan het derde en die dogterspan vyfde geëindig.

Stiaan Myburgh (gr. 11) is aangewys as die beste senior baanatleet tydens die byeenkoms.

Ster-atlete met meer as 900 punte elk:

Suné-Louise Prinsloo

Ethan Botha

Mulan Bezuidenhout

Chelsey Raath

Enrique Bosch

Lenka du Toit

🥇 Podiumprestasies:

- Enrique Bosch – eerste in 110m hekkies
- Stiaan Myburgh – eerste in 400m hekkies
- Hanro van den Berg – eerste in spiesgooi
- Johan Louw – tweede in 800m
- Logan Oosthuizen – derde in 100m
- Zian Grobler – derde in 800m
- Lenka du Toit – derde in 300m hekkies
- Nihke Dirker – derde in verspring .

ATLETIEK

Ons atletiekspanne het die afgelope week aan die **NWU Top 30** deelgeneem en ‘n algehele vierde plek behaal – ’n fantastiese prestasie teen die land se sterkste skole!

Podiumprestasies:
Ons is besonder trots op die volgende atlete wat medaljes huis toe gebring het:

- Anzaret Strauss – 200m (2de), 400m (1ste)
- Logan Oosthuizen – 200m (2de)
- Amerize Kleinsmith – 400m (3de)
- Stiaan Myburgh – 400m (1ste), 400mH (1ste)
- Johann Louw – 800m (3de)
- Ethan Botha – 1500m (2de)
- Megan Roome – 1500m (2de), 3000m (3de)
- Sune Louise Prinsloo – 3000m (2de)
- Chelsey Raath – 90mH (3de)
- Enrique Bosch – 110mH (1ste)
- Lenka du Toit – 300mH (1ste)
- Nihke Dirker – Verspring (2de)
- Zuan Krige – Verspring (1ste)
- Mignonne Theunissen – Verspring (2de)
- Zak de Klerk – Spiesgooi (2de)
- Miele van Eyssen – Spiesgooi (2de)
- Hanro van den Berg – Spiesgooi (2de)

AVONTUURSPORT

Tien van ons spanne het die afgelope Sondag aan die 25 km *Adventure Race* deelgeneem en weer eens gewys dat spanwerk, deursettingsvermoë en Helpie-gees ’n wenkombinasie is.

Helpmekaar is bekroon met die beker vir **die skool met die meeste spanne wat deur die jaar aan die skolebyeenkomste deelgeneem het** – ’n bewys van ons leerders se entoesiasme en volgehoue betrokkenheid.

Uitsonderlike prestasies:

Gemengde afdeling:

- Eerste plek: Burger Niemandt & Carmen Toms
- Derde plek: Jean-Luc Joubert & Lizaan van den Heever

Seunsafdeling:

- Tweede plek: Tertius van der Walt & Luan Bekker

Boonop het heelwat Helpies ook die 12 km-wedloop met gemak voltooi – ’n prestasie wat net soveel trots verdien.

Baie geluk aan elke deelnemer! Julle het nie net die skool se naam hoog gehou nie, maar ook gewys dat ware prestasie lê in spanpoging, deursettingsvermoë en die vreugde van deelname.

BUITEPRESTASIE

Amber-Leigh Szendrei het verlede week die besondere voorreg ontvang om genooi te word na die ***Durban Fashion Fair*** – een van Suid-Afrika se mees gesogte mode-geleenthede.

Die Durban Fashion Fair, ’n jaarlikse inisiatief van die eThekwini Munisipaliteit, het ten doel om plaaslike ontwerpers en opkomende talent in die modebedryf te bevorder en te ondersteun.

Die keuringsproses vir modelle is uiters streng, wat beteken dat slegs die beste en mees belowende talent gekies word. Hierdie uitnodiging is dus ’n groot erkenning van Amber-Leigh se kwaliteit en potensiaal as model.

Om deel te neem aan die Durban Fashion Fair dra nie net by tot ’n model se professionele profiel nie, maar word ook beskou as ’n belangrike mylpaal in die modewêreld.

Dit is ’n platform waar styl, kreatiwiteit en talent saamvloei en waar jong modelle die geleentheid kry om hulself op ’n nasionale verhoog te vestig.

JUKSKEI

Dit is met trots dat ons die uitslae van die Noordvaal Jukskei-toernooi op 20 September met julle deel.

Drie spanne het Helpmekaar verteenwoordig – o.16-seuns, o.16-meisies en o.19-seuns – en elkeen het met uitsonderlike toewyding en sportmangees deelgeneem.

Beide die o.16-seun- en meisiespanne het ’n indrukwekkende vierde plek in hul afdelings behaal, maar dit is ons o.19-seuns wat geskiedenis gemaak het deur Goud te verower – ’n eerste vir Helpmekaar!

Hierdie oorwinning beteken dat ons o.19-seuns nou amptelik die **beste skolespan in die land is**. Wat ’n ongelooflike prestasie!



Boonop het Helpmekaar die meeste individuele uitblinkers opgelewer – ’n bewys van die talent en harde werk wat ons spelers insit. Indien jy een van die **top vyf spelers in jou ouderdomsgroep** was, het jy hierdie eer ontvang.

Ons uitblinkers is:

Nathann Knoop

Aidan Labuschaigne

Vione van der Merwe

Dewald Keulder

Jan Hendrik Lombard

KOSHUISETE NOU MAKLIK AANLYN BESKIKBAAR!

Goeie nuus vir al die honger Helpies!

Vanaf Sondag, 28 September, is die week se etes (29 September – 3 Oktober) aanlyn beskikbaar op Allxs. Dit beteken julle hoef glad nie meer eerste pouse by die kantoor te kom boek nie – *julle kan*, maar dit is nie meer nodig nie!

- **Die week se etes word Sondag oopgestel vir bespreking.**
- **Die afsnytyd vir elke dag se etes is daagliks om 10:00 die oggend.**
- **D.w.s. Maandag se etes sluit Maandag om 10:00, maar die res van die week bly oop vir bespreking tot hul onderskeie afsnytye.**

Maak seker jy bespreek betyds – dit was nog nooit so maklik om jou etes te verseker nie!

FIËSTA

HOOF SE KONSERT

SONDAG, 12 OKTOBER 2025

16:30

Swembad-area, Helpmekaar Kollege

BESPREEK HIER

Kersprogram 26 Okt 2025

Mosaiek 17:30 uit 18:00